**Titel:** Draers van Lewe
**Spreker:** Phillip Boshoff
**Datum:** 25 Julie 2010
**Tyd:** 9:00

### 'n Waardige gasheer?

**Lukas 19:1-7**

1 En Hy het in Jérigo gekom en daar deurgegaan. 2 En daar was 'n man met die naam van Saggéüs, 'n
hoof van die tollenaars en 'n ryk man. 3 En hy het probeer om Jesus te sien, wie Hy was; maar vanweë
die skare kon hy nie, omdat hy klein van persoon was. 4 En hy het vooruit gehardloop en in 'n
wildevyeboom geklim, sodat hy Hom kon sien, want Hy sou daarlangs verbygaan. 5 En toe Jesus by die
plek kom, kyk Hy op en sien hom en sê vir hom: Saggéüs, maak gou en klim af, want Ek moet vandag
in jou huis bly. 6 Hy maak toe gou en klim af en het Hom met blydskap ontvang. 7 En toe almal dit
sien, het hulle gemurmureer en gesê: Hy het by 'n sondige man tuisgegaan.

### Vriend van sondaars

**Lukas 7:34**

34 Die Seun van die mens het gekom en Hy eet en drink, en julle sê: Daar is 'n mens wat 'n vraat en 'n
wynsuiper is, 'n vriend van tollenaars en sondaars.

### Helder ligte

**Mattheüs 5:14-16**

14 Julle is die lig van die wêreld. 'n Stad wat bo-op 'n berg lê, kan nie weggesteek word nie; 15 en 'n
mens steek ook nie 'n lamp op en sit dit onder die maatemmer nie, maar op die staander, en dit skyn
vir almal wat in die huis is. 16 Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan
sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik.

### Bronne van lewe

**Johannes 7:38-39**

38 Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei. 39 En dit het
Hy gesê van die Gees wat dié sou ontvang wat in Hom glo; want die Heilige Gees was daar nog nie,
omdat Jesus nog nie verheerlik was nie.

### Betoning van Gees

**1 Korinthiërs 2:1-5**

1 En toe ek by julle gekom het, broeders, het ek nie aan julle die getuienis van God kom verkondig
met voortreflikheid van woorde of van wysheid nie, 2 want ek het my voorgeneem om niks anders
onder julle te weet nie as Jesus Christus, en Hom as gekruisigde. 3 Ek was ook by julle in swakheid en
in vrees en in veel bewing; 4 en my rede en my prediking was nie in oorredende woorde van menslike
wysheid nie, maar in die betoning van gees en krag, 5 sodat julle geloof nie in wysheid van mense sou
bestaan nie, maar in die krag van God.

**1 Korinthiërs 2: 4-5 (NV)**

4 Die boodskap wat ek verkondig, het julle oortuig, nie deur geleerdheid en welsprekendheid nie, maar
deur die kragtige werking van die Gees. 5 Dus is julle geloof nie op die wysheid van mense gegrond
nie, maar op die krag van God.

### Profetiese gemeenskappe

**Handelinge 20:22-23**

22 En kyk, ek gaan nou gebind deur die Gees na Jerusalem; en watter dinge my daar sal oorkom, weet
ek nie, 23 behalwe dat die Heilige Gees in elke stad kragtig getuig en sê dat boeie en verdrukkinge my
wag.

**Romeine 1:16**

16Want ek skaam my nie oor die evangelie van Christus nie, want dit is 'n krag van God tot redding vir elkeen wat glo, eerste vir die Jood en ook vir die Griek.